KAMMANUUS

Nommer 352 20 Mei 2013

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER

Ek beland in die kakiebos oor twee pakkies pille

Vir die nuwe lesers, net gou wat voorheen gebeur het: Die dag nadat ek en Kamermaatjie terug is in Katar na ons bootreis deur die Middellandse See op die Queen Mary, gaan haal ek 'n pakkie van Suid- Afrika met 'n paar skoene en twee boksies Syndol in, by die doeane af en word in hegtenis geneem. **Lees nou verder**

Die vangwa stop voor die deur van een van die geboue in die groot nuwe dwelmeenheidkompleks in die noorde van Doha. Die hele gebied is omring met 'n vyf meter hoë muur. Ek word beduie om uit te klim en hulle neem my na 'n redelik ruim vertrek met 'n lessenaar en 'n paar kantoorstoele.

In die een hoek is daar ook 'n kunsleerrusbank waarop ek stelling inneem. Drie wagte in uniform kom in om my op te pas. Omdat hulle nie 'n woord Engels verstaan nie, ignoreer ons mekaar meestal. Hulle kyk so nou en dan my verveeld aan. Ek kan die arrogante minagting in hul oë sien.

Hulle steek een na die ander sigarette aan en gou is die kamer blou van die rook. Ek wil nie dat hulle agterkom ek het steeds my selfoon in my sak nie en beduie ek wil badkamer toe gaan. Hulle wys na die enigste ander deur in die vertrek. In die aangrensende toilet sien ek die diefwering voor die venster. Ek besef dis nie om diewe buite te hou nie, dis om my binne te hou. Ek kry weer opnuut daai hol kol op die maag. My selfoonbattery is krities laag.

Ek skakel Annabelle en fluister vir haar waar ek is en dat ek voortaan meestal net teksboodskappe gaan stuur. Dit gebruik minder krag, meen ek. "Kyk asseblief of jy my herlaaier kan saambring as hulle jou hier sal toelaat," fluister ek oplaas nadat sy my met 'n bewende stemmetjie verseker sy gaan als probeer om my te kom besoek.

So 'n uur later kom haal hulle my. Dis egter nie om Annabelle te sien nie. In 'n ander kamer word ek ondervra deur man met die rang van kaptein. Hy kan beswaarlik Engels praat.

"You bring drugs to Qatar?" Dis meer 'n stelling as 'n vraag. Ek probeer vir die man verduidelik dis net kopseerpille wat 'n mens by enige apteek in Suid-Afrika koop. Dis duidelik hy verstaan nie, of wil nie verstaan nie.

"You know Tramadol?" Ek skud my kop. Hy knik sy kop. "Syndol same as Tramadol, have cocaine," gaan hy aan. "You sell drugs?" Weer 'n stelling eerder as 'n vraag. "You take drugs?" Elke keer skryf hy iets in Arabies op 'n vorm.

Na sowat 'n uur van eensydige ondervraging stoot hy die dokument oor na my toe en beduie waar ek moet teken. Ek skud my kop en vra dat ek eers wil weet wat ek teken. Ek sien die man word duidelik die moer in vir my. "Sign!" beveel hy weer vererg.

Ek kyk hom verslae aan, hoe kan ek nou so iets teken? Ek skud weer my kop en beduie ek verstaan nie wat hy wil hê nie. Dan klim hy op die telefoon. Na 'n ruk daag daar nog 'n offisier op. Ek merk hy dra dieselfde rang. Die twee is duidelik nie maats nie.

Nommer Twee kan darem redelik Engels praat en vertaal wat die ander een neergeskryf het. Dis 'n verklaring deur my wat lui dat ek willens en wetens verbode middele in Katar wou insmokkel. Ek vertel vir Nommer Twee ek het glad nie sulke dinge gesê nie. Die twee raak aan't stry.

Nommer Twee skryf die dokument oor. Dis ongelukkig weer in Arabies. Ek vra of hulle dit nie in Engels kan skryf nie. Ongelukkig nie. Ek het al te veel speurflieks gekyk en wonder of dit nie maar net die ou *'goeie poliesman, slegte poliesman'* truuk is nie.

Slegte Poliesman gluur my grynslaggend aan terwyl Goeie Poliesman die verslag na my toe stoot. "Hoe gouer jy teken, hoe gouer kom jy hier uit," raai hy my aan. Gelate vat ek die pen en die kans, en ek teken...

Lees volgende keer verder.

Hennie Greeff
Doha, Katar
UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

Ouma sê Oupa weet alles

Deur LAPPE LAUBSCHER

As ons oor gister se dinge praat, is dit regtig nodig om altyd die waarheid te praat? As jou kleinkinders aan jou voete sit en met ogies vol vertroue vir jou begin vrae vra, mag jy maar jou nie-weet-nie verbloem met stories?

"Wie was die eerste mense, Oupa?"

"Adam en Eva, my kind." Ek glo dit nie, maar ek kan tog nie antwoord "ek weet nie", of kan ek?

"Het hulle altyd kaal geloop, oupa?"

"Ja."

"Het hulle dan nooit koud gekry nie?"

"Gaan vra julle ouma."

"Dit is sy wat ons na oupa gestuur het. Sy het gesê oupa weet altyd alles."

My vrou het my nog nooit in my teenwoordigheid so iets gesê nie. Maar dalk is dit 'n nuwe insig van haar kant.

Dit is die oudste een wat my dié keer red. "Ouma het gesê Oupa sal ons vertel van die Voortrekkers."

So het ek gedink. Dit was tot die volgende kartets my getref het.

"Asseblief, Oupa, vertel ons van Racheltjie de Beer. Toe, Oupa."

Racheltjie de Beer. Die dogtertjie wat saam met haar boetie gaan soek het na `n verlore hanslam. Toe begin dit sneeu. Eers stadig, toe al meer. Gou was dit duidelik dat hulle nie kon om draai nie. Die boetie het eers begin bewe van die koue en toe begin huil. Die volgende oggend het `n soekgeselskap die kinders gekry. Die boetie in 'n uitgeholde miershoop met sy sussie se klere oor syne aangetrek. Nog lewend.

Racheltjie was dood. Met haar kaal liggaampie het sy die gat voor die miershoop toegemaak. Sy het haar lewe gegee sodat haar boetie kon leef. Dit was die storie wat ek die kinders vertel het. Vertel het sodat hulle dit eendag vir hul kinders kan vertel.

Kan vertel van Adam en Eva wat kaal in `n tuin geloop het. En Eva wat met `n slang gepraat het. En van Racheltjie de Beer.

En as hulle sou uitvind dat oupa vir hulle gelieg het, gelieg het oor Adam en Eva en die slang en Racheltjie de Beer, hoop ek hulle sal verstaan.

Ouma was verkeerd. Oupa het nie alles geweet nie.

Die herkoms van ons gesegdes (7)

Kalant:
'n Ou kalant (lank in die land) ('n skelm, geslepe persoon)
In Middelnederlands het kalant ongeveer dieselfde betekenis as ons klant gehad, dit wil sê iemand wat sy winkelware by 'n bepaalde persoon koop. Daaruit het 'n bybetekenis van "listig" ontwikkel, wat in Afrikaans versterk is met die byvoeging van ou. In sekere Nederlandse dialekte beteken kalant ook "geslepe persoon".

Kant: Kant en klaar wees (heeltemal gereed wees)
Kant beteken oorspronklik "netjies"; vandaar ook aan die kant maak "netjies maak".

Beroepe

TELEFONISTE

is mense wat baie min weet van baie dinge. Hulle hou aan om minder en minder te weet van meer en meer, totdat hulle amper niks van enigiets weet.

SEKRETARESSES

weet baie van baie min. Hulle hou aan om meer en meer van minder en minder te weet, totdat hulle uiteindelik amper alles weet van niks.

BESTUURDERS

begin deur omtrent alles te weet, maar uiteindelik weet hulle niks nie, danksy hul verhouding met telefoniste en sekre-taresses.

Wat is 'n Ma?

(deur die oë van 'n kind)

Maas is baie mooi. Hille kleer hille gesigte in. Maas lees vir mens stories. Maas kan goet sien, as jy klaar gebat het sien hille dis nog vyl agter jou ore. Hille maak groente vir kos en ons kry lekker poeding as ons allis opeet.

Maas moet baie slim wees, want ons jivrouens gee vir ons hyswerk dan doen ons maas dit. Maas vat kinners skool toe en soen hille voor anner kinners en tanies.

Maas is altyd laat en sê kinners moet gou maak. As jy siek is pas Maas jou op. Maas het baie gelt vir tamatiesous, pienatbater, seep en tannepasta, kofie en pap maar net biekie gelt vir swiets.

Maas sê altyd hille het nie gelt nie maar dan koop hille n trolie vol goeters. Maas hou van winkels waar mens net n papierkie teken want dan hoef jy nie te petaal nie.

Maas sê altyd hille is vet as hulle ou kleere aantrek, niewe kleere pas net reg en dan is hille maar.

Maas is baje virsigtig. Hille sê altyd pasop vir die karre en slyt al die dere. Hille is bang vir krieke, spinekope en jag die hond van die bet af.

Maas is baje viks. Hille praat lank op die foon, leesboek en kyk dys of de laaivs op tiewie en dan maak hille vinig kos voordat Paas kom.

Maas gaan eendag hemel toe want hille bit baje en ken alis van Liewe Hiesis.

Ek is baje lief vir my Ma.

(Ingestuur deur Jopie van Wyk.)

OM VROUE TE VERSTAAN IS SOOS OM DIE KLEUR 8 TE KAN RUIK

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

IN DIE KERK

Die dominee vra of daar iemand in die kerk is wat sondeloos is. Agter in die kerk staan 'n man op. Die leraar vra hom of hy regtig dink hy's perfek.

"Nee Dominee," ant-woord hy, "maar ek staan hier namens my vrou se oorlede eerste man."

(Ingestuur deur Pieter van Zyl.)

VAN DER MERWE

Daar was 'n TV-program waarin die regisseur R1 miljoen aangebied het vir enigeen wat bereid is om deur 'n rivier te swem wat vervuil is van krokodille.

Van der Merwe tref die water met sy safaripak en velskoene en swem dat die arme krokodille net skuimbolle raak byt so in sy glystroom. Vra die regisseur vir Van toe hy anderkant uitklim:

"Wat is die eerste ding wat jy gaan doen noudat jy R1 miljoen ryker is?"

Van: "Ek gaan daai ou wat my ingestamp het soek en hom donner!"

NUWE WOORDE

TERTPETROL

'n Bottel vol vooraf gemengde alkohol wat gereeld deur jong meisies gesluk word.

TERTSTEMPEL

Tatoeërmerk op 'n vrou, gewoonlik net bokant haar boude en in sig vir almal.

VOLKSLIED

"Koos, wat is die eerste reël van die volkslied?"

"Jy moet op aandag staan," antwoord Koos.

NIE WAAR NIE

Koos en Mike sit in die kroeg. Dit is alombekend dat Koos die beste bedeeld is op die dorp.

Mike: "Koos, ek hoor jy het die grootste meneer op die dorp."

Koos: "Mike, jy moet nie alles glo wat jou vrou jou vertel nie."

SKOONMA SE DILEMMA

Op hulle aandrang is Koos se vrou en skoonma saam met hom op 'n jagtog in die Kalahari.

Die eerste nag maak sy vrou hom paniekbevange wakker. "Mammie is weg!"

Koos vat sy geweer en met sy vrou agterna stap hy die donker in. Nie ver van die kamp af nie gewaar hulle sy skoonma, rug teen 'n boom met 'n leeu wat vir haar staan en gluur.

"Ag jinnetjie tog!" gil Koos se vrou, "Wat gaan ons nou doen?"

"Niks nie!" sê Koos kalm "Daai leeu het homself in die gemors gekry, hy kan homself daar uitkry."

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker

Duskantlander in Anderkantland

In Botswana sal Dozi jou begroet

Deur Johan en Carolina van Huyssteen

Carolina was nog 'n groentjie in Gabarone toe dit die eerste keer gebeur het. Kort nadat sy haar by haar man, Johan – 'n finansiële bestuurder by 'n meulmaatskappy – aangesluit het, loop sy by 'n Pep Stores in waar die Afrika-musiek pomp. Sy is egter skaars by die deur in toe 'n skielike stilte oor die winkel neersak.

Doodse stilte waar daar oomblikke gelede nog lewendige klanke uit die luidsprekers gekom het. Net toe die stilte ongemaklik wil raak, is daar darem weer klank, maar dié keer is dit Dozi wat deur Pep Stores bulder: "Ooooooooooo, ryperd!"

By drie verskillende geleenthede het dit gebeur, en later kon Carolina vasstel dat die bestuurder van die winkel dadelik hardloop om die musiek te verander sodra 'n wit mens by die winkel instap – en dis altyd dieselfde CD van Dozi. "Sy het dit vir my en haar ouers gaan wys en ons wou ons slap lag," vertel Johan, wat nou al vier en 'n half jaar in Botswana werk.

Carolina, 'n prokureur en nou tuisteskepper, het haar 'n paar maande ná Johan in 2009 daar begin werk het by hom aangesluit en hulle moes vinnig gewoond raak aan 'n ander kultuur en manier van dinge doen.

"Die grootste uitdaging was om gewoond te raak aan 'n stadiger pas. Dinge neem langer om gedoen te word. Mense is ook geneig om stadig te ry – dis algemeen om net 80 kilometer per uur in 'n 120-sone te ry."

Botswana het hulle in sekere opsigte ook aangenaam verras. Mediese dienste, hospitale en medisyne is baie goedkoper as in Suid-Afrika en dokters en aptekers is bereid om na-ure te help as daar 'n krisis is. Hulle meen ook die peil van laerskoolonderrig is hoër as in Suid-Afrika. "As kinders hier die eerste keer skool toe gaan, moet hulle reeds tot by 20 kan tel, die alfabet opsê, hul naam kan skryf en vlot Engels praat." Die lewenskoste is ook aansienlik laer as in Suid-Afrika en daar is geen bedelary, karwagte of smouse op straathoeke nie.

Johan en Carolina het intussen van Gabarone af verhuis na Jwaneng, 'n klein myndorpie in die Kalahari-woestyn.

"Jou kind is ook my kind"

"Die eerste keer toe ons hier met ons nuwe baba in die supermark ingaan, het al wat leef en beef nader gestorm en haar sommer uit die stootwaentjie gehaal, gesoen en gekloek. Dit was 'n ernstige kultuurskok! Die 'jou-kind-is-my-kind'-beginsel word ernstig opgeneem in Botswana. Hier hou jy altyd 'n ogie oor ander mense se kinders ook, ongeag hul ras of kultuur."

Hulle raad: "Afrika is nie soos Suid-Afrika nie, so los jou verwagtinge by die grenspos. Wees vriendelik met almal en jy sal ver kom."

Hulle sê "Suid-Afrikaners kan beslis by die mense van Botswana leer oor goeie maniere."

"Die meeste mense in Botswana praat Setswana, maar Engels is die amptelike taal. Sommige Motswana kan wel Afrikaans praat en verstaan. *7de Laan* is 'n gewilde sepie hier en mense leer Afrikaanse frases waarmee hulle jou verras wanneer jy dit die minste verwag."

BOTSWANA IN SYFERS

- Geldeenheid Pula
- Brood P4,99 (R5,49) tot P11,99 (R13,19)
- Bier P12 (R13,20) per dumpy
- Koppie koffie P14 (R15,40)
  in Jwaneng;
  P20 (R22) in Maun en Gabarone.
- Petrol P9,76 (R10,74)

Met erkenning aan die *Rapport*-bylae *My Tyd*.

Die weduwee het 'n spiritualis besoek met die versoek dat hy haar oorlede man kontak. Sy wil weet waar hy is, en of hy gelukkig is.

Hulle het in 'n donker kamer gaan sit en hy het onheilspellende musiek gespeel.

Uiteindelik het hy gesê hy is nou in verbinding met haar man.

"Vra hom of hy gelukkig is."

"Ja, hy sê hy is gelukkig."

"Vra hom of hy iets nodig het."

"Ja, hy sê hy sal hou van 'n pakkie sigarette." Toe word die verbinding verbreek.

"Ag, jinne," sê die weduwee. "Ons het vergeet om te vra waarheen ek die sigarette moet stuur!"

"Wel," sê die spiritualis, "ek dink dis baie veelseggend dat hy nie gesê het jy moet vuurhoutjies saamstuur nie."

Vroue is die man se beste vriend.

Sy sal hom aanmoedig as hy onseker voel en hom troos as hy 'n slegte dag gehad het.

Sy sal hom inspireer tot dinge wat hy nooit gedink het hy kan doen nie; om sonder vrees en spyt te lewe.

Sy sal hom in staat stel om sy diepste emosies uit te druk en sal toegee aan sy intiemste behoeftes.

Sy sal sorg dat hy altyd dink hy is die aantreklikste man in die vertrek en sal hom in staat stel om vol selfvertroue, sexy, verleidelik en onoorwinlik te wees.

Wag! Stop die bus! Ek dink aan Klipdrift. Klipdrift stel 'n man tot al hierdie dinge in staat. Jammer!

(Ingestuur deur Barry Pretorius)

Dis wat gebeur as jy 'n fiets 60 jaar lank aan 'n boom vasgeketting hou! Die eienaar het die fiets aan die boom vasgemaak voordat hy oor-log toe is. Hy het nooit terugge-keer nie en die familie het dit as 'n gedenkteken laat bly. Die natuur se manier om te sê Rus In Vrede.

Kan honde tel?

Wel, sit drie beskuitjies in jou sak tewyl hy kyk. Gee hom dan net twee van hulle, en besluit self.

Die dieëtkundige was besig met 'n lesing oor goeie voeding.

"Baie van die kos wat ons vandag eet, sou ons voorouers binne 'n dag doodgemaak het," sê sy.

"Rooi vleis kom van diere wat op steroïde, hormone en antibiotika grootgemaak is. Groentes word met gevaarlike insektemiddels bespuit, ons drinkwater is dikwels besoedel met landbouchemikalië en word met chloor behandel, wat giftig is.

"Maar daar is een kossoort wat reg oor die wêreld meer sterftes as enige ander voedsel veroorsaak. Wie kan sê wat dit is?"

Daar was 'n lang stilte, en toe steek 'n klein, skraal en sagmoedige mannetjie agter in die saal sy hand op, en vra bangerig:

"Troukoek?"

Só maak mens!

Deur RETHA KRUGER

Oorspronklike Esmé en Jan-resepte

APPELKOOSKLUITJIES of SKURWEPADDA

1 ½ k koekmeel
½ k botter
½ k appelkooskonfyt
1 ½ t koeksoda opgelos in bietjie melk
Knypie sout

SO MAAK MENS :

Vir die SOUSIE:
Kook : 3 k water
¾ k suiker
1 t gemmer

Vir die DEGIE:
Meng die konfyt, koeksoda en botter saam, voeg meel en sout by en meng goed tot 'n skepbare beslag.Kook die sous bestanddele in 'n digsluitende kastrol tot dit vinnig borrel. Skep dan lepelsvol deeg daarin en plaas deksel dadelik op. Laat kook vir 15–20 minute sonder om die deksel op te lig. Bedien met dun vla of room.

STAMBOOM

Help ons familiespeurders

BOTHA wasb@infogro.co.za
Jacoba Magdalena Prinsloo (Botha) Gebore 11.05.1969 te Rustenburg.

COETZEE belinreb@gmail.com
Pieter (vermoed Petrus Melle) Coetzee vermoedelik gebore 8 April 1858 was my groot groot oupa grootjie wat met Catherina Albertina Dauth getroud is. Weet nie hoeveel kinders hul gehad het nie, maar een van die kinders was my oumagrootjie, 'n nooi van Bonnievale: Elizabeth Johanna Katrina (nee Coetzee) wat met my Oupa Grootjie Andries Johannes Calitz getroud is en 7 kinders gehad het). Enige inligting oor die Coetzee's of Oupa Andries Johannes Calitz sal waardeer word!

KIRSTEN tbkirsten@gmail.com
Thomas Bernardus Kirsten

LE ROUX bft148@gmail.com
Ek is op soek na inligting oor Alletta Magdalena Burger (Le Roux), gebore 28/11/1928 en oorlede 19/08/1960. Aanvanklik van Calvinia.

LOVE natashasteenkamp28@gmail.com
Op soek na Debra Elizabeth Love van Dundee of enige familie van haar. Ek weet sy is op 1963-02-13 gebore in 1982-04-03 is sy met Martunis Oldenburg Albertus Bezuidenhout getroud. Hulle het 'n dogter gehad wat in Julie 1982 gebore is.

MARTENS/MARTINS/MAARTENS dewald.j.martens@gmail.com
Vir meer inligting omtrent hierdie families gaan gerus na ons webwerf by: martensfamily.co.za. Dis gratis en daar is tans 8748 individue en 3073 families verteenwoordig.

NOWERS pgkriel@vodamail.co.za
William Henry Nowers, Pa van Susarah Johanna Nowers 27.8.1895 - 28.3.1980 te Gansbaai

OOSTHUIZEN hester_montagu@yahoo.co.uk
Martinus Gerhardus Oosthuizen 1752 - 1838

STEYL leon@steylmail.net
Ek werk die Steyl-stamboom by en wil graag in aanraking kom met enige persone wat vir my inligting oor die familie kan gee. Ek soek inligting wat sal help om al die Steyl's in die stamboom te plaas, asook enige interessante staaltjies oor persone in die stamboom.

SWANEPOEL swanepoelpc@telkomsa.net
Petrus Cornelius Swanepoel.09/04/1946, Jamestown, Noordoos-Kaap.

AGTEROS

Net voor uitspantyd



"Die son het in die see geval
Op die horison se lem
Dit het hom in twee gesny
Ek hoop die son kan swem."

Huldeblyk by die begrafnis van die legendariese FANUS RAUTENBACH

Dis Oukersaand 2010 en ek het hom by Arcadia gaan haal. Sy blyplek die afgelope paar jaar. Moet dit asseblief tog net nie 'n ouetehuis noem nie, sal hy vir jou vertel. Dis óf 'n koshuis óf 'n oudehof. Ouetehuis is 'n term van depressiwiteit. Neerslagtige onskeppendheid.

Ons sit buite by die vuur waar ons al baie gesit het van kleintyd af. Baie vure op baie plekke. Daar was die agtertuin in Northcliff vir Saterdag en Sondag se braai. Dan het hy altyd so een ekstradun Karootjoppie eenkant gehou en as die vleis in die blink bak wag virdie res van die kos, sit hy daai tjoppie terug op die vuur.

"Die braaierbonus," het hy dit genoem en met my gedeel. Ek het altyd gewonder hoekom my vingers brand en syne nie.

Daar was die kasplankvuurtjies agter die duiwehok waar ek en broer Frans vakansiedae ons eie ding gedoen het. Partykeer het hy daar aangekom met 'n pan en 'n halfdosyn eiers.

Of 'n blik boelie en boontjies vir koeiseunkos. Met 'n dik woltrui aan en arms wat altyd reg gestaan het om ons vas te druk.

Daar was Modderfontein, ons eie persoonlike hemeltjie in die berge net so duskant Rustenburg. Grootwordtyd se jare amper elke naweek soontoe. Ek onthou nog, in die aande as ek gaan slaap, was ek vasberade om dié keer voor hom op te staan. Maar as ek wakker word in die halfdonker van 'n nuwe dag, sien ek hom al by die vuur sit. Dieselfde ou woltrui aan en vlamme wat sy wange laat glinster. Hy staan so vieruur op, maak vuur, maak koffie en skuif sy stoel reg sonder om iemand wakker te maak. En dan wag hy vir die dag en hy sit daar en skryf gedagtes neer agter op sy Van Rijn-dertigs.

Hy kon nie Frans praat nie, hy kon nie musiek lees nie, maar een van daai baie dae het hy "Moenie weggaan nie" geskryf:

"Ek vertel 'n verhaal
van 'n koning se nood
hy sterf van sy liefde
want weggaan is dood …
moenie weggaan nie."

Daar was die Krugerwildtuin. Elke oggend net voor sonop is ons saam vuur toe. Dan maak ons koffie met kookwater uit die groot ou swart ketel met die mama-gesig ingegiet en hy krap hardekooltjies eenkant toe, sit die pap op, en as daai pot reg sis, ry ons uit nes die hek oopmaak. Koffie in die hand lewer hy kommentaar.

"Dis 'n luiperdlopie," fluister hy as ons deur 'n drif kruip. "Hulle is hier, ons sien hulle net nie." Ek glo hom, want hy is my pa.

"Soek die leeus," werk hy ons op. En ons soek. Hier moet leeus wees. Want hy sê so. En hy is my pa.

□ □ □ □ □

Daar was Buffelsbaai. Elke keer as oom Appels (sy van was Peroldt, toe noem my pa hom sommer Appels) se boot inkom, kry ons 'n vis. Daar het hy my geleer vis krap en skoonmaak. Dan maak ons weer vuur en braai kabeljou.

Een aand het ons vir die kole gewag en die son het aan die westekant oor Meidebaai begin sak en vir 'n tyd lank soos 'n bal op die horison bly hang. Hy het lank gesit en kyk, toe 'n sluk van sy dop-en-dam gevat, sy pakkie Van Rijn-dertigs nader getrek en agterop geskryf:

"Die son het in die see geval
Op die horison se lem
Dit het hom in twee gesny
Ek hoop die son kan swem."

Vanaand sit ons weer om 'n vuur. Dis Oukersaand 2010 en hy het gesê hy is lus vir vis en ek braai geelstert. Want hy is my pa. Hy is 82 in kalenderjare, maar 150 in leefjare. Sy erfenis is groot. Sy ou lyfie het klein geword, maar sy brein is steeds vlymskerp. Ons praat oor al die jare. Oor al die mense. Oor tant San van Christiana. Engeltjie, Kooivlooi, Leon Sjjjj, Simon van de Wildt, Zack, oom Hoefie, Piet Groen, die Van der Walts, Bothas, Casper Squire. En natuurlik oor Koos Meyer.

"Ek wil nog die boek oor Koos Meyer skryf," sê hy dan.

"Daar ís al 'n boek geskryf," antwoord ek.

" 'n Boek, miskien ja, maar ek wil dié boek skryf. Niemand ken hom soos ek nie. Toe ek net begin uitsaai en konserte doen het, moes ek op 'n dag in 1961 Bloemfontein toe vir 'n konsert. Onbeplan het Jim Reeves op dieselfde dag, min of meer dieselfde tyd, daar aangekom. Ek op platform 3 en Jim op 4. Toe my trein daar stop, staan Koos en sy gevolg daar met 'n groot banier wat lees: 'Vergeet van Jim. Welkom Fanus!' Dis waar dit alles begin het ..."

So 35 jaar later hou Fanus en Koos vir oulaas weer 'n konsert. Amper soos ou boksers wat weet hulle is nog wêreldkampioene, klim hulle terug in die kryt. Die konsert is 'n moerse sukses. Soos altyd.

Soos hul gewoonte was, vat hulle toe maar 'n ietsie saam met die manne na die tyd. Soos die gewoonte was, word die ietsie 'n hele paar ietsies en Fanus en Koos is so drie-uur daar weg rondawel toe. Soos broers slaap hulle saam. Wel, nie saam nie, net saam in dieselfde plek.

Soos gewoonlik verdwaal hulle op pad huis toe. Naderhand, op soek na die ware weg, is Koos kuitdiep in 'n visdam en haal paddas uit, wys hulle vir Fanus en lê stambome uit.

Soos die gewoonte maar was, sak hulle neer op die wal van die visdam, kyk gelate vir die sterre, knak die Oude Meester-padkospakkie se nek en vat 'n ietsie vir die langpad.

Skielik begin Koos huil. Uit die bloute. Huil soos in regtig huil. 'n Kind se huil. Sonder dronkverdriet. Koos was te geoefen vir dronkverdriet.

"Wat nou?" wil Fanus by hom weet.

"Nee," reken Koos, "ek weet ek het nie meer baie tyd oor op aarde nie. My dae word getel. En nou raak ek bang vir al die stront wat ek aangejaag het. Ek gaan gestraf word. Hel toe."

Fanus het 'n tydjie gedink oor dié bekentenis; nog so 'n sluk inspirasie by die Oude Meester gevat. Toe geantwoord: "Koos, dink jy die Here het 'n humorsin?"

Koos het op sy beurt die Oude Meester geteug. Gesluk, sy trane gesluk en toe sy kop geknik.

"Ja wel, tog seker, ja."

"Welkom in die hemel, Koos ..."

"Ou Fanna, jy kon nog altyd 'n ding so reg sê. Kô's loop slaap."

Kort daarna is Koos toe opgeroep vir hoër dienste.
"Hulle kap nou in ons bos," het my pa gesê, maar self sterk bly staan vir nog 'n paar jare, soos 'n hardegat hardekool. Tog, kort na ons Kersfeesbraai het daai hardekool begin kantel. Net toe hy besluit het om Koos se ware storie te skryf.

Ek was die laaste dag by hom in die hospitaal. Ek wou braaivleisvuur aan hom ruik, maar daar was net hospitaal in die lug. Hy was nie eintlik meer by nie. Hy was waar hy nie hoort nie. Hy het daar gelê soos 'n fetus kromgetrek in 'n vraagteken.
Skielik het sy moeë oë oopgegaan, hy het my hand gevat en iets begin sê. Ek het oorgebuk, fyn geluister. Eers was ek glad nie seker oor wat hy gesê het nie. Tog, hoe langer ek dink, hoe sekerder raak ek ek het hom reg gehoor:

"Kommer nie, ek gaan net op na Koos toe. Net om seker te maak ek het al sy stories heeltemal reg vir die boek."

Mense brand gewoonlik 'n kers vir iemand om hulle te help op hul pad. Vir hom steek ek elke keer 'n vuur aan. Want hy is my pa.

KAMMANUUS VERSKYN WEER OP 3 JUNIE.